

ST. EUFRASIA

13 MAART

(380-420)



By die dood van Antigonus, 'n hoë amptenaar aan die keiserlike hof, is sy dogter Eufrasia aan die pleegsorg van keiser Theodosius toevertrou. Sy word dus onder die hoogste adel groot gemaak en 'n huwelik met 'n vername senator is vir haar beplan. Van kleins af was sy egter lief vir gebed en was haar verhouding met die Here die belangrikste in haar lewe. As jongvrou toon sy geen belangstelling in die modes en vermaak wat die lewe aan die keiserlike hof haar gebied het nie. Sy gaan uit haar pad om die armes en behoeftiges by te staan en smee die keiser herhaaldelik om haar toestemming te gee om by 'n klooster in te tree. Uiteindelik kry sy verlof om die keiserlike hof te verlaat en sy en haar moeder sluit albei by 'n nonneklooster in Egipte aan, waar sy die res van haar lewe in gehoorsaamheid en nederigheid haar Heiland na die beste van haar vermoë gedien het.